



## Ons vermeerder God se vreugde!

Reisbrief van Agter-Paarl Geloofsgemeenskap

Geskryf deur Johannes Nortier

10 Maart 2022

### Gedagte vir die week:

God is altyd meer as jou verstaan van Hom.

### Vertrekpunt:

Handelinge 5:1-11

### Meditasie uit die Woord:

Die kerk is, en sal, hier en nou, nooit volmaak wees nie. Die kerk is steeds op reis na 'n beter verstaan van God en mens, Liefde en lewe, Ewigheid en tyd. Handeling 5:1-11 is 'n duidelike getuigenis dat dit inderdaad só is. Die een-van-hart-en-siel gemeentetjie, wat met die beste hartsbedoeling glo in ons-deel-alles-met-mekaar-totdat-ons-almal-niks-het-nie, word tot in hulle fundamente geskok, wanneer een egpaar die ooreenkoms net gedeeltelik eerbiedig. Hierdie geskoktheid gaan oor in 'n algemene atmosfeer van vrees, wat op die oog af gebore is uit die plotselinge doodval van die egpaar, maar eintlik ten diepste die gevolg is van 'n sekere ou en vreesaanjaende verstaan van God. Hier sien ons dat die na-Pinksterkerk aanvanklik vashou aan 'n voor-Pinkster verstaan van God, wat natuurlik te verstane is wanneer 'n mens aanvaar dat ons almal uit ou maniere tot in nuwe maniere moet groei. 'n Mens kan God só verstaan dat jy jou jouself letterlik doodskrik wanneer jy betrap word in 'n oomblik van menslike swakheid (Ananias en Saffira). 'n Mens kan God só verstaan dat die manier waarop jy tussen Hom en mense staan hulle letterlik kan doodmaak (Petrus). Wat natuurlik sleg is, is dat Petrus die nuwe verstaan van God in Jesus ontmoet het in Johannes 21, waar hy homself nie dood geskrik het by die drie vrae wat hom moes herinner het aan sy eie drie leuen-verloënings nie. In Handeling 5:1-11 leer ek hierdie week hoe moeilik dit vir ons almal is om 'n ou en dodelike manier van lewe agter te laat ten gunste van 'n nuwe en leweskeppende manier van lewe. Om regtig 'n na-Pinkster gemeente te wees is uitdagend, want ons neig altyd terug na die voor-Pinkster maniere.

### Reisgesprek en Youtube-skakel:

**Op Sondagoggend 10 Maart 2022 om 09:30** hou ons 'n reisgesprek in die kerkgebou. Jy kan aan die digitale weergawe daarvan deelneem by [https://youtu.be/M0\\_iSRRjDo](https://youtu.be/M0_iSRRjDo)

### Meditasie uit die Lewe:

Ons gesels tans in ons leiersgroep oor die gemeente se indentiteit. Ons doen dit met die oog op die toekoms omdat ons glo dat 'n mens moet weet wie jy is, om getrou aan jouself, op pad te wees. Die indentiteit van 'n gemeente is eenvoudig gestel, die hartklop van 'n gemeente. Ek gaan elke week 'n klein deeltjie van die gesprek met jou deel. Dit is dinamiese gesprek en jy mag daaraan deelneem deur te reageer via enige kanaal van jou keuse. Hier is die volgende gedeelte:

|                   |  |
|-------------------|--|
| <b>Doop</b>       | Die gemeente leef, soos Jesus, vanuit die doop as vertrekpunt van ons totale geloofsreis. Matteus 3:17, waar die doop 'n onvoorwaardelike liefdesverklaring van God is aan sy Eerste Seun, is ons Bybelse uitgangspunt tov die doop. Ons mag dalk ons Vader se huis verlaat, maar ons sal altyd in Sy hart wees. Dit is ons enigste troos.   |
| <b>Eredienste</b> | Ons noem dit reisgesprekke. Die leraar/prediker se "preek" is op die meeste 'n opregte getuigenis oor wat hy/sy in die week uit die teks gehoor het. Ons leef vir 'n hele week luisterend na die teks en deel met mekaar wat ons hoor. Ons hoef nie oor alles saam te stem nie. Ons kan, en wil nie, sê "so spreek die Here Here nie", want ons weet dat ons na ons mensheid dikwels verkeerd hoor en ons wil nie ons woorde sonder meer aan God toedig nie. Die reisgesprek is 'n nederige gebeurtenis. |

### Aantekeninge

'n Mens hoef nie altyd met almal en alles saam te stem nie. Ek nooi jou om saam met my die gawe van nederige en respekvolle gesprek te ontdek. **As jy hierdie epos foutiewelik ontvang of dit nie meer wil ontvang nie, stuur net 'n epos wat lui "kanselleer nuusbrief" na [ngkagterpaarl@telkomsa.net](mailto:ngkagterpaarl@telkomsa.net) of [nortierjohannes6@gmail.com](mailto:nortierjohannes6@gmail.com)**